



## STASIE 27

## VERBONDENHEID

Joh 15:1-4 **Die ware wingerdstok** 1“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4. Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

Duideliker kon Jesus dit nie stel nie: Die verbintenis wat daar moet wees tussen ons as sy navolgers, en Hom nie. En eeue later... is ek en jy steeds sy navolgers.

En as ons die res lees... klink dit so: snoei reg, sny af, die snoeiskêr word in gelê... en “vrug dra”. Dis waarom dit gaan.

Tog is dit dalk vers 4 wat ons moet hoor: **Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.**

Die enigste uitweg vir brose, meestal weerlose lote soos ons. Daarom, luister na sy woorde, neem dit ter harte, lewe daarvolgens. Dit kan tog nie so moeilik wees, want hierdie woorde kom van die Een wat ons eerste liefgehad het. Dit vloei uit die wingerdstok voort. Dit gee die lewegewende sap. Dit bring die ware lewe! Daarom is dit van lewegewende belang dat ons aan Hom gebonde bly.

En wat wat maak dit nog meer betekenisvol? Die grootste voorreg van dit alles: Ons verbondenheid aan mekaar... en saam aan Hom. Want saam is ons sy wingerd... verbonde aan mekaar... en ons great Koning is die boer!!!

Waar dink jy wil die Hemelse Boer op die oomblik in jou lewe regsnoei... of wegsnoei?.....

### Gebed

dankie Hemel Koning

dat ons saam u wingerd in Vanstadensriviergemeente kan wees

al moet U somtyds die snoeiskêr inlê

sodat ons beter vrug kan dra

ons eer U

amen

